**Notule** van die 3de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die *Raadsaal, Kerkstraat 15, Munisipale Kantore, Beaufort-Wes*

op **Donderdag, 31 Maart 2016**

om **10:10**

**TEENWOORDIG:**

**Raadslede** SM Motsoane [Speaker], G Adolph [Voltydse Raadslid], G de Vos, EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester], L Deyce, M Furmen, AM Slabbert, DE Welgemoed en RT Hugo

**Raadsheer** T Prince [Uitvoerende Burgemeester [10:20]

**Afwesig** Raadslid GT Murray (skriftelike verskoning)

**In diens** Munisipale Bestuurder, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Wrnde Direkteur: Ingenieursdienste [C Wright], Direkteur: Finansiële Dienste, Wrnde. Direkteur: Gemeenskapsdienste [R Klink] en Senior Klerk: Komitees

Raadslid L Deyce open die vergadering met gebed.

Die Speaker meld dat items 7.1, 7.2, 8.3, 8.14, 8.15, 8.16 en 8.18 vandag bespreek gaan word en dat die res van die agenda, Dinsdag, 05 April 2016 bespreek gaan word. Voorts meld Raadslid AM Slabbert dat weens 'n besoek van parlement die DA komponent van die Raad nie hierdie vergadering kan bywoon nie.

Raadslid GP Adolph vra om 'n koukus.

By aanvang van die vergadering meld Raadslid GP Adolph dat die Raadsvergadering wel op Dinsdag, 05 April 2016 soos deur die Speaker vermeld voortgaan.

## 7. OORWEGING VAN VERSLAE DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

### 7.1 MFMA: ARTIKEL 71: MAANDELIKSE STATE: FEBRUARIE 2016

5/1/2/1; 8/1/1/2/3

dkd

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid EAJ Beyers stel voor dat die Artikel 71 verslag soos voorgelê deur die Uitvoerende Burgemeester vir Februarie 2016, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**7.2 2015/2016: HERSIENE TOPVLAK SDBIP**
5/1/4
dkd

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor dat die gewysigde Topvlak SDBIP soos vervat op **Bylae 47 tot 67** in eenstemming met die 2015/2016 Aansuiweringsbegroting soos uiteengesit in **Bylae 1 tot 32** van die agenda van 25 Februarie 2016, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.3 AANWYSIGING VAN AFGEVAARDIGDE NA DIE SENTRAAL KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT: BEDANKING: AD WILLEMSE**
3/1/2/1
dkd

Raadslid AM Slabbert nomineer Raadslid RT Hugo om die Raad namens die DA Komponent op die Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit te verteenwoordig. Voorts meld die Speaker dat die ANC Komponent van die Raad op Dinsdag, 05 April 2016 hul verteenwoordiger sal aanwys.

**KENNIS GENEEM**

**8.14 JAARVERSLAG 2014/2015 FINANSIËLE JAAR**
2/6/B; 2/6/2
dkd

Raadslid L Deyce gesekondeer deur Raadslid GP Adolph stel voor dat die Jaarverslag vir die 2014/2015 finansiële jaar soos uiteengesit in **Bylae 168 tot 468** van die agenda, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.15 KONSEP: 2016/2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN**
10/3/3/5/11
dkd

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid M Furmen stel voor dat die Konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vir die 2016/2017 finansiële jaar soos uiteengesit in **Bylae 471 tot 60**7 van die agenda, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.16 "KONSEP BEDRYFS- EN KAPITAALBEGROTING: 2016/2017 FINANSIËLE JAAR: 1 JULIE 2016 TOT 30 JUNIE 2017"**
5/1/2/1
dkd

Councilor G de Vos seconded by Alderman T Prince proposed:-

8.16.1 That the concept Capital and Operational Budget for the 2016/2017 of the municipality for the financial year 2016/17; and indicative for the two projected outer years 2017/18 and 2018/19 be approved as set out in the following schedules:

8.16.1.1 Operating revenue and expenditure by standard classification reflected in table A2;

8.16.1.2 Operating revenue and expenditure by municipal vote reflected in A3;

8.16.1.3 Operating revenue by source and expenditure by type reflected in table A4;

8.16.1.4 Capital expenditure by vote, standard classification and funding reflected in table A5;

8.16.2 That in terms of Section 75 A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) the following tariffs for property rates are approved and adopted with effect from 1 July 2016:

8.16.2.1 Residential properties: R0.017576

8.16.2.1.1 Rebates in respect of residential properties will be granted in accordance with the Municipality's rates policy.

8.16.2.2 Agriculture properties: R0.004107

8.16.2.2.1 Having taken into account the limited rate funded services supplied to agricultural properties in general, the contribution of agriculture to the local economy, the extent to which agriculture assists in meeting the service delivery and development obligations of the municipality and the contribution of agriculture to the social and economic welfare of farm workers, the municipality grant rebates to the effect that the netto rate payable on agricultural properties will amount to R0.002054.

8.16.2.3 Commercial properties: R0.025569

8.16.3 That the tariffs and charges as reflected in the tariff book be increased as follows for the 2016/17 financial year:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.16.3.1 | Property Rates | - | 7%; |
| 8.16.3.2 | Water | - | 7%; |
| 8.16.3.3 | Sanitation | - | 7%; |
| 8.16.3.4 | Refuse Removal | - | 7% |
| 8.16.3.5 | Electricity | - | 7.64% |
| 8.16.3.6 | Sundry Tariffs | - | 5% |

8.16.4 That the draft budget for the 2016/2017 financial year be consulted with committees through public participation process.

**ADDENDUM-AGENDA**

**8.18 TOP LAYER SDBIP 2016/2017**
5/1/2/1; 5/1/22
dkd

Councillor G de Vos seconded EAJ Beyers proposed that the Top Layer SDBIP for the 2016/2017 financial year be accepted and approved.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

Die Speaker verdaag die vergadering om synde **10:45** en meld dat die opvolg vergadering op Dinsdag, 05 April 2016 gaan voortgaan om die res van die agenda te bespreek.

____________________________________

**Rdl. S.M. Motsoane**
**SPEAKER**

By aanvang van die vergadering op **Dinsdag, 05 April 2016** om **10:10** in die Munisipale Raadsaal, Kerkstraat 15, Beaufort-Wes is die volgende:

**TEENWOORDIG:**

Raadsheer T Prince [Uitvoerende Burgemeester], Raadslede: SM Motsoane [Speaker], EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester], GP Adolph [Speaker], G de Vos, L Deyce en M Furmen

**AFWESIG:**

Raadslede: GT Murray (skriftelike *verskoning*), AM Slabbert (*verskoning*), DE Welgemoed (*verskoning*), RT Hugo (*verskoning*) en L Basson (*verskoning*)

**IN DIENS:**

Munisipale Bestuurder, Wrnde Direkteur: Elektrotegniese Dienste [DS le Roux], Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Wrnde. Direkteur: Gemeenskapsdienste (RE Klink), Direkteur: Finansiële Dienste, Bestuurder: Korporatiewe Dienste en Senior Klerk: Komitees

**1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER**

**GEEN**

**2. AANSOEKE VIR VERLOF VIR AFWESIGHEID**
3/4/1

| Raadslid / Heer | Datum van verlof |
|---|---|
| **Raadslid G de Vos** | Woensdag, 06 April 2016 |

**3. GOEDKEURING VAN NOTULES –**

Raadslid GP Adolph gesekondeer deur Raadslid EAJ Beyers stel voor dat die ondergemelde notules soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

3.1 1ste Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Donderdag, 21 Januarie 2016**

3.2 1ste Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 26 Januarie 2016**

3.3 1ste Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 26 Januarie 2016** [Afsonderlike Notuleboek]

3.4 2de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Donderdag, 25 Februarie 2016**

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER

3/4/1

Baie dankie

Graag wil ek net melding maak dat Beaufort-Wes Raad kennis moet neem dat die Grondwet voorsiening maak vir enige persoon se Godsdienstige geloof en dat dit aanvaar en respekteer moet word. Dat moet daar gekyk word hoe ons dit kan toepas.

Daar was nou onlangs ʼn brand in Kwa-Mandlenkosi waar ʼn persoon doodgebrand het. As die brandweer opgedaag het, het dit nie gebeur nie. Ek was op die toneel ek het die brandweer ontbied, maar was in kennis gestel dat die voertuie sonder petrol staan. Ek het die Munisipale Bestuurder geskakel wat na die toneel gekom het. Die persoon wie in die brand omgekom het, was armlastig. Die brandweer is ʼn essensiële afdeling in die Munisipaliteit. As u kan onthou, so ʼn ruk terug het ʼn huis in Newlands afgebrand tot op die grond. Kan daar nie hulp aan hierdie familie waar die persoon doodgebrand het, verleen word nie. Ek het in my vorige mededelings gemeld dat daar ook in die Plakkerskamp ʼn ouma doodgebrand het. Ek het mnr. Lawrence geskakel maar die brandweervoertuig het gebreek en kon die brand dus nie geblus word nie. Die mense moes die brand met emmers water blus omrede die brandweer nie opgedaag het nie omdat die brandweervoertuig se dryfas uitgeval het en moes die bestuurder van die brandweervoertuig eers werktuigkundige speel. Graag wil ek die Raad vra dat ons hulp aan hierdie familie moet bied.

Ek wil ook hê dat ASLA se kontrak by die eerskomende Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

Baie dankie

## 5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

3/4/1

Thank you Speaker

For the comfort of our guest I will give my input as Mayor in English. First and foremost welcome to Beaufort West and it is always nice to have guest form outside in our meeting.

We took a discussion that black economic empowerment played a critical role in our environment and that we need to change the economy from a white majority to a black majority economy. We also took a decision during a workshop of the Council and we agreed in principle that specific preferences will be taken towards black economic empowerment. We are aware that there are tenders out, we know that we cannot tamper with the tenders, but we want those who sit on the various committees that they specific see to it.

I am announcing now that from Thursday evening, I am going to have Mayoral listening campaigns and the first meeting will be held in Ward 3. I will ask Mr Makendlana, Thersia and Lakay to assist me with those meetings. I want that meetings to have a sound system and we must transcend the information from Council to the citizenry outside.

The other one, Mr Speaker, is that we are very fortunate, I've been serving on the NEC of SAFA whom agreed in principle in a meeting on Saturday that we can host the National under 21 Championship from the 26 of June till the 3rd of July 2016. During that week more than 200 guest will be visiting our town. So we need to look at accommodation, SAFA will be paying for accommodation that will be an economic boost to our town. We will be meeting with the relevant Directorates that will ensure that the grounds are ready.

Normally for the first time this year as the Chair of Finance there is a mismatch between the Budgeting process of the Administration and the vision to the politicians. Henceforth we are going to plan a meeting in this regard with the CFO where the Finance Committee and where we invite all the other Councillors will meet with the CFO and then we will invite all the other Directorates to come and explain their vision where we will also say we can cut here and there, it never happened. We have a budget prepared for the citizenry, but that is an Administration budget and we now want to bring the administration and the Politicians together.

I am very surprised that some EPWP workers and some of our workers have been laid off. I don't know about it. I've received this message from the grapevine and that cannot happen. We already laid off 100 workers and with the Local Government elections looming there is no way. We need to sit as the politicians and the Administration so we can keep them in their employment until the new financial year and then we can continue thereafter.

I want each and every Directorate to prepare a presentation on the budget where we need to be and where we can cut.

Thank you.

## 6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

**6.1 PRESENTATION: TAU MINING**
13/2/1

The Speaker welcome a delegation from solar energy Investment and respectively who were representing Tau Mining. Mr Chau, Chairperson of Tau Mining gave a brief overview of their visit informing Council about their intention to invest in solar plant in Beaufort West, whereby Council:

**RESOLVED**

ba

That a procurement process be followed to solicit development proposals from prospective bidders for development of a photo voltaic park in Beaufort West. Furthermore that potential sites be identified that would meet the requirements for a photo voltaic park.

**8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**8.1 RAADSAGENDA: 01 MAART 2016**

**8.1.1 LANGDIENSTOEKENNING**
4/6/1/6

Raadsheer T Prince wens me. LA Swarts geluk met haar onbaatsugtige diens vir 20 jaar aan die Beaufort-Wes Munisipaliteit en dat dit nie ongesiens verby gaan nie en ook terselfdertyd vir mnr. Booysen vir sy 17 jaar diens by die Beaufort Wes Munisipaliteit.

**KENNIS GENEEM**

**8.1.2 EMPLOYEES: ACHIEVEMENT OF CERTIFICATES**
SP

**GEEN**

**8.1.3 "REVIEW OF MUNICIPAL COUNCIL DECISIONS IMPLEMENTATION RATE (JULY 2011 TO SEPTEMBER 2015)"**
3/4/1

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en by die eersvolgende Raadsvergadering bespreek word.

**8.1.4 WAARNEMING VAN DIREKTEURE EN BESTUURDER**
4/6/1/8

dkd

bp Raadslid M Furmen gesekondeer deur Raadsheer T Prince stel voor:

8.1.4.1 Dat die besluit van die Raad soos geneem op 26 Augustus 2015 per item 8.7, herroep word en dat personeel wat in Direkteursposte waarneem, in geldwaarde vergoed word ooreenkomstig die waarnemingsbeleid van die Raad met dien verstande dat indien naweke in die waarnemingstydperk val, sodanige naweke uitgesluit word van die betaling van waarnemingstoelae.

8.1.4.2 Dat waarneming in die pos van die Munisipale Bestuurder, steeds nie geld-waarde vergoed word nie, maar dat die geaffekteerde amptenaar die tyd moet afneem.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.1.5 VERKOOP VAN 1957 CHEVROLET (OU BURGEMEESTERS VOERTUIG)**
7/2/2/2

**BESLUIT**

aa Dat dat 'n verslag vanaf 'n antieke motorversamelaar verkry word wat die waarde van die motor is en aan die Raad voorgelê word vir oorweging.

**8.1.6 VOORGESTELDE ADDENDUM TOT KOOPKONTRAK: TENDERS BID DID 01/2008 en CORP 13/2008: SA TOLLING**
7/3/4/1/1

ba

Raadslid L Deyce gesekondeer deur Raadslid M Furmen stel voor:

8.1.6.1 Dat die voorgestelde addendum voorwaardes tot die koopkontrak nie aanvaar word nie.

8.1.6.2 Dat die Raad volstaan by die aanvanklike tender en kontrakvoorwaardes met inagneming van die besluit geneem op 24 November 2015; of

8.1.6.3 Dat SA Toiling weer die vereiste waarborge aan die Raad moet uitreik.

8.1.6.4 Dat die Raad die nakoming van die kontrakvoorwaardes te same met die voorwaardes gestel op 24 November 2015, aan die einde van 2016 herevalueer.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.1.7 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT MONTHLY IMPLEMENTATION REPORT: DECEMBER 2015 AND JANUARY 2016**
8/1/1/2/3

**RESOLVED**

dkd

That the Supply Chain Management Monthly Implementation Report attached as Annexure 051 to 061 of the agenda, for December 2015 and January 2016 be approved.

**8.1.8 "INVITATION TO THE MUNICIPAL COUNCILLORS PENSION FUND (MCPF) PROVINCIAL MEMBERS MEETING"**
10/3/2/3/4

**RESOLVED**

That Council take note that this event already took place.

**8.1.9 PROPOSED ALINIATION OF HYDROPONIC PANNELS**
10/3/3/5/12; 7/1/1

dkd

Councillor G de Vos seconded by Councillor EAJ Beyers proposed that the Hydroponic tunnels be disposed in terms of Section 14 of the MFMA.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.1.10 GEMEENSKAPSDEELNAME PROJEK**
10/3/3/5/7

**BESLUIT**

dkd

Dat goedkeuring verleen word dat verdere spandering op die Wykskomitee pos slegs aangewend word om die oorblywende vyf (5) maande se salarisse / sittingstoelae van die wyskomitee te betaal.

**8.1.11 VOORGESTELDE HERSONERING EN VERVREEMDING VAN ERF 3464 BEAUFORT-WES AAN SUID-KAAP KOLLEGE**
12/4/4/2

**BESLUIT**

ba

8.1.11.1 Dat die hersonering van erf 3464 vanaf Owerheidsone na Institusionele Sone I ingevolge Artikel 16 van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word met uitdruklike voorwaarde dat Suid-Kaap Kollege verantwoordelik sal wees vir die betaling van grootmaatdienste bydraes ten opsigte van water, riool en elektrisiteit welke bydraes bereken sal word op grond van die heersende tariewe op die datum van oorweging van die bouplanne.

8.1.11.2 Dat die koopkontrak vir die vervreemding van erf 3464 soos uiteengesit op Bylae 097 tot 102 van die agenda, goedgekeur word vir ondertekening met Suid-Kaap Kollege.

**8.1.12 IMPLEMENTERING VAN DIE NA-URE SPAN VIR WATER EN RIOOL KLAGTES**
13/1/1

**BESLUIT**

dkd
bp Dat goedkeuring verleen word dat met alle werkers wie geraak word deur middel van die na-ure span vir water en riool klagtes so spoedig moontlik in gesprek getree word.

**8.1.13 MURRAYSBURG: HERSTEL VAN LEIWATER SLOTE – ROOIDAM**
13/1/2/1

**BESLUIT**

aa
Dat die herstel van leiwater slote (Riooldam) te Murraysburg soos uiteengesit in Bylae 110 tot 144, goedgekeur en aanvaar word.

**8.1.14 KAPITAAL BEGROTING: 2016/2017: MIG PRIORITISERING VAN STRATE WAT PLAVLEI MOET WORD**
13/3/1

**BESLUIT**

kk
Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en na die eerskomende Raad verwys word vir bespreking.

**8.1.15 VOORGESTELDE OPGRADERING VAN DIE RUSTDENE STREEKSPORT STADIUM**
14/9/1

**BESLUIT**

kk
Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en na die eerskomende Raad verwys word vir bespreking.

**8.1.16 REGSMENING: NELSPOORT BEHUISING**
14/11/3/2/22

**BESLUIT**

dkd
Dat 'n volledige verslag ten opsigte van die geskiedenis van die oordrag van huise te Nelspoort projek die eersvolgende raadsvergadering voorgelê word.

**8.1.17 NOTULE/VERSLAG VAN DIE UITGEBREIDE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 20 JANUARIE 2016**

dkd
ba Raadslid G de Vos gesekondeer Raadslid GP Adolph stel voor dat die Notule/Verslag van
aa die Uitgebreide Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering soos gehou op Woensdag, 20 Januarie 2016 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AAANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.1.18 NOTULE/VERSLAG VAN DIE SK: KORPORATIEWE DIENSTE EN SOSIALE ONTWIKKEINGSKOMITEE GEHOU OP WOENSDAG, 17 FEBRUARIE 2016**

dkd

Raadslid G de Vos gesekondeer Raadslid GP Adolph stel voor dat die Notule/Verslag van die SK: Korporatiewe Dienste en Sosiale Ontwikkelingskomitee vergadering gehou op Woensdag, 17 Februarie 2016 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AAANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.1.19 NOTULE/VERSLAG VAN DIE SK: MUNISIPALE DIENSTE EN INFRASTRUKTUUR KOMITEE GEHOU OP WOENSDAG, 17 FEBRUARIE 2016**

dkd

ba

aa

Raadslid G de Vos gesekondeer Raadslid GP Adolph stel voor dat die Notule/Verslag van die SK: Munisipale Dienste en Infrastruktuur Komitee vergadering gehou op Woensdag, 17 Februarie 2016 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AAANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.1.20 PERFORMANCE REVIEWS REPORT: SECTION 57 MANAGERS AND MUNICIPAL MANAGER**
2/9/2/3; SP

Sien afsonderlike Notuleboek

**8.2 REPLACEMENT OF THE DEMOCRATIC ALLIANCE (DA) PR COUNCILLOR R VAN DER LINDE: WC053: BEAUFORT WEST**
3/1/1/1

**NOTED**

**8.3 AANWYSIGING VAN AFGEVAARDIGDE NA DIE SENTRAAL KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT: BEDANKING: AD WILLEMSE**
3/1/2/1

Die Speaker meld dat die ANC komponent van die Raad hul afgevaardigde by die eerskomende Raadsvergadering bekend sal maak.

**KENNIS GENEEM**

**8.4 VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER**
3/4/1

**BESLUIT**

dkd

Dat die mededelings van die Speaker soos aan die Raad voorgehou tydens 'n Raadsvergadering gehou op 10 Desember 2015, goedgekeur en aanvaar word.

**8.5 VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
3/4/1

**BESLUIT**

dkd

Dat die mededelings van die Uitvoerende Burgemeester soos aan die Raad voorgehou tydens 'n Raadsvergadering gehou op 10 Desember 2015, goedgekeur en aanvaar word.

**8.6 PRESENTATION: APPLICATION TO SERVE AS A CONSULTANT ON THE MIG PROJECTS FOR LOCAL MUNICIPALITY**
5/13/1

**RESOLVED**

dkd

That more information be provided with regard to the legislation that regulates the appointment of consultants and that this matter be tabled at the next Council meeting.

**8.7 PROPOSED ORGANOGRAM: BEAUFORT WEST MUNICIPALITY**
6/1/2/1

dkd

Alderman T Prince seconded by Councillor GP Adolph proposed that the proposed organogram as set out on Annexure 013 to 058 be approved in principle on provision that any further inputs or amendments received, be considered.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.8 AANSOEK OM AANKOOP VAN GEDEELTE GROND (± 25 HA) OP DIE HOEK VAN DIE R61 en AFDRAAI NA HOPEVILLE PLAAS: MNR. D. KOOPMAN**
7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

kk

Dat die aangeleentheid oorstaan en verwys word na die eersvolgende Raadsvergadering vir verdere bespreking.

**8.9 INTEGRATED REVENUE ENHANCEMENT BUSINESS SOLUTION (PTY) LTD**
9/1

**RESOLVED**

kk

That this matter be referred to the next Council meeting for further discussion.

**8.10 APPLICATION FOR SUBDIVISION AND CONSOLIDATION: FARM 424 AND FARM 408: BEAUFORT WEST**
12/4/5/2

ba

Councillor M Furmen seconded by GP Adolph proposed:-

8.10.1. That the subdivision of Farm 424, Beaufort West as indicated on the proposed subdivision and consolidation diagram 1509E/SD dated August 2015, be approved in terms of Section 25 of Ordinance 15 of 1985 on condition that Portion A of Farm 424 must be consolidated with Farm 408 Beaufort West.

8.10.2. That the conditions stipulated by the Director: Road Network Management in his letter 4 November 2015 reference 16/9/6/1-01/6 (Taak 23367) be supported.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.11 TASK JOB EVALUATION: SALGA**
10/3/2/3/4

**NOTED**

**8.12 AANSOEK OM AFWYKING VAN SKEMAREGULASIES TEN EINDE 'n KLEUTERSKOOL TE BEDRYF: ERF 5390: HESTER GIRD SINGEL 11: BEAUFORT-WES**
12/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring verleen word vir die toestaan van 'n afwyking ingevolge Artikel 15(1)(b) saamgelees met Artikel 15(i)(a)(ii) van Ordonnansie 15 van 1985 ten opsigte van erf 5390 synde Hester Gird Singel 11: Beaufort-Wes ten einde 'n Kleuterskool vanaf die perseel te bedryf.

**8.13 GYM: KWA-MANDLENKOSI: HEALTH AND NUTRITION**
14/17/1

**RESOLVED**

dkd

That the quotation amounting to R65 315 for the erection for a display office for their products at the Kwa-Mandlenkosi Gym not be accepted. Furthermore that cost effective measurements be investigated to assist them to display and lock their products.

**8.17 MEULMAKER: ING. 67: MNR. T NEL: S444**
SP: T. Nel; 4/1/2/1

Sien Afsonderlike Notuleboek.

Die Direkteur: Finansiële Dienste verlaat die vergadering 11:00 voordat item 9.1 bespreek word.

**9. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN MOSIES**

By aanvang van die bespreking van die onderstaande mosies, gee die Speaker aan die Munisipale Bestuurder die geleentheid om mondelingse kommentaar op elk van die onderstaande mosies te lewer, waarna die Munisipale Bestuurder die Raad soos volg meedeel:

**Item 9.1** Dat die Raad vir 'n tydperk sonder 'n Direkteur: Finansiële Dienste was en die huidige Direkteur: Finansiële Dienste met sy aanstelling besig was met sy studies en dat sy studies deur Provinsiale Tesourier gedeeltelik betaal word en dat Provinsie dit vanaf mnr. Sabbat verwag om sy studies te voltooi. Mnr. Sabbat is tans besig met om sy studie te voltooi.

Die Direkteur: Finansiële Dienste sluit synde 11:15 na bespreking van item 9.1 by die vergadering aan

**Item 9.2** Daar was 'n ou selfoonkontrak op die Uitvoerende Burgemeester se salaris en die kontrak is nooit gestop by MTN nie en die geld was vanaf Raadsheer T Prince se salaris verhaal. Later is die fout agtergekom en die selfoon gelde wat vanaf die Uitvoerende Burgemeester se salaris vir 'n onbepaalde tydperk verhaal is terugbetaal is aan Uitvoerende Burgemeester.

Die Uitvoerende Burgemeester verlaat die vergadering voordat item 9.3 en 9.4 bespreek word.

**Item 9.3** Dat die Raad nie prokureurskostes van die ANC komponent van die Raad betaal het nie.

**Item 9.4** Dat daar wel oortyd aan Me. Stemmet betaal is wat die Persoonlik Assistent en bestuurder van die Uitvoerende Burgemeester is betaal. Die oortyd wat deur me. Stemmet ingedien was is dienooreenkomstig was verminder en so aan haar uitbetaal.

Die Uitvoerende Burgemeester sluit by die vergadering aan na bespreking van item 9.3 en 9.4.

**Item 10.1** Dat mnr. Maritz waargeneem het in die afwesigheid van mnr. M Lawrence in die plek van die Direkteur: Gemeenskapsdienste, me. VV Ruiters neem ook waar indien mnr. Lawrence nie teenwoordig is nie.

Na die mededelings van die Munisipale Bestuurder, deel die Speaker die Raad mee dat die Raad kennis neem van die Munisipale Bestuurder se kommentaar en in die lig daarvan dat die Raadslid wat die mosies ingedien het, nie teenwoordig is nie, die mosies gelys onder items 9.1 tot 10.1 as afgehandel beskou word en nie verder bespreek sal word nie.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 11. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES

**GEEN**

Die vergadering verdaag om **14:15.**

Notule bekragtig hierdie __________ dag van _________________________ 2016.

_________________________________

SM Motsoane
***[Speaker]***